KOM HUISTOE-NUUSBRIEF

Nommer 39 - Mei 2007

Liewe Lesers

Groete uit ysige Pretoria waar dit oornag winter geword het!

Soos gebruiklik, begin ons met die noodsaaklike herhalings ... Hierdie is die gratis nuusbrief van die Kom Huistoe-Veldtog van AfriForum vir alle Suid-Afrikaners wat na Suid-Afrika wil terugkeer, reeds terug is of besig is om terug te keer. Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@solidariteit.co.za**. Merk die e-pos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Die nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons die medewerkers en adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie. Lewer asseblief kommentaar op hulle dienslewering.

En nou vir die nuus ... sommer in die volgorde waarin ons dit ontvang het.

DANKIE!!!

Baie dankie aan almal wat gehelp het met insette vir die IVP-kongres en al die ander sake wat in die vorige nuusbrief genoem is. Ons waardeer julle insette geweldig baie - sonder julle sal ons nuusbrief letterlik leeg wees!

HULP GEVRA ASSEBLIEF

Melissa Groom vra: *Just wondering if you have any contacts for people organizing a crate headed to the States? I remember reading a few times that people have gotten together to share the cost. Our dates are flexible, but towards the end of the year.*

As iemand kan help, kan hulle Melissa kontak by **moyamuhle@hotmail.com**.

SKATKIS VIR KINDERS

Verlede keer het ons vertel van ***Skatkis***, die nuwe Afrikaanse tydskrif vir kinders. Wilma, die redakteur, skryf: *Baie dankie vir die blootstelling van **Skatkis** in die nuusbrief! Miskien kan*

julle 'n volgende keer dalk 'n skakel na ons webtuiste byvoeg – dan kan mense dadelik sien hoe dit lyk, en watse artikels daarin is, ensovoorts.

Dankie Wilma, ons maak graag so. Die skakel is **www.skatkis.com**.

MEDIESE FONDSTE

Ons het lanklaas 'n "nuwe" vraag ontvang, dus gee ons hierdie keer sommer 'n wenk oor die algemeen. As jy na Suid-Afrika terugkom en chroniese medikasie gebruik, is dit belangrik om te weet of die spesifieke medikasie in Suid-Afrika beskikbaar is en ook of jou mediese fonds die medikasie gaan betaal, of dalk selfs mag verwag dat jy 'n ander (generiese) produk gebruik. Die beste idee is om baie spesifieke vrae te vra wanneer jy met 'n fonds of makelaar gesels en die naam te noem van die medikasie wat jy tans gebruik. Ons dink hier aan produkte soos medisyne vir bloeddrukprobleme, hartprobleme, osteo-artritis, skildklierprobleme en so aan. Die volgende webwerwe sal 'n goeie oorsig oor die land se beste fondse te bied:

www.discoveryworld.co.za
www.medihelp.co.za
www.sizwe.co.za
www.ingwehealth.co.za
www.fedhealth.co.za
www.pharos.co.za
www.momentumhealth.co.za
www.telemed.co.za
www.oxygen.co.za

Vrae oor mediese fondse is altyd baie welkom.

RAAD VIR MENSE WAT IN SUID-AFRIKA MOET KOM BESTUUR

Die **Arrive Alive**-webwerf het wenke vir buitelanders wat in Suid-Afrika moet kom bestuur (of mense wat lank weg was en nie meer gewoond is daaraan om hier te bestuur nie). Kliek op **http://www.arrivealive.co.za/pages.asp?mc=save&nc=Advice_Foreigners.**

BELASTINGNUUS

Teen hierdie tyd het baie van julle wat nog as belastingbetalers in Suid-Afrika geregistreer is seker al gewonder wanneer julle julle 2007-belastingopgawes gaan ontvang. Die inkomstebelastingopgawes vir individue gaan vanjaar eers op 15 Julie deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens uitgereik word. Die vorige jaar mag julle onthou, moes die opgawes alreeds 14 Julie ingedien gewees het. Vanjaar moet die opgawes eers voor of op 31 Oktober ingedien word. 'n Verdere uitstel behoort weer moontlik te wees (verdere duidelikheid hieroor sal eers later bekendgemaak word). Trust- en maatskappy-opgawes gaan eers 31 Augustus uitgereik word en kan tussen 6 en 12 maande na die betrokke entiteit se jaareinde ingedien word. Julle is welkom om Fanus Jonck by **tax@jonck.net** te kontak vir verdere belastingnavrae of bystand.

POS VIR ONTVANGSDAME

Shanelle skryf: *Since you guys were such a big help with my move back to SA, I thought of contacting you first before posting on a career website. Maybe you know of someone who is currently looking for work that could also benefit from your help. I work for an Import and Export company called Minmetals. We are situated in Bedfordview and are currently seeking a Receptionist/Admin Assistant. Here is the information:*

We are currently seeking a mature Receptionist / Office Administration Assistant to join our team. Position Summary: Our company is seeking a competent individual who will primarily provide reception, support and administrative services in the Bedfordview office from 1 July 2007. Responsibilities will include:

- *Answering and managing telephone calls,*
- *Office reception,*
- *Mail handling,*
- *Project support to staff.*

The successful candidate will:

- *Have a Matric Certificate,*
- *Be fluent in English and Afrikaans,*
- *Have intermediate computer skills with experience in MS Word and Excel,*
- *Provide excellent customer service, time management and team skills,*
- *Have the ability to multi-task, and the*
- *Ability to operate office machinery with proficiency (photocopier, fax, printers, etc.)*

This is a full-time, permanent position - salary: R4.5 - R5k depending on experience. If you are interested in this position, please email or fax your updated CV to me at Shannelle@minmetals.co.za or fax: 0027-11-4551478.

AANDAG OUERS, ONDERWYSERS EN ENTREPRENEURS



EIENDOMSINLIGTING

Alles wat jy moet weet oor eiendom in Suid-Afrika, word verduidelik op **www.realty-1.co.za**

WEBWERWE

Ougat.co.za is 'n Afrikaanse internet gemeenskap wat fokus op die bevordering van Afrikaans, en die ontwikkeling van Afrikaanse entrepreneurskap. Die Ougat-webwerf verkoop produkte wat deur Afrikaanssprekendes ontwikkel is en/of waarvan die eindproduk Afrikaans is. **Ougat.co.za** bedryf, onder meer, allerlei sosiale programme soos Kletsgat ('n kletskanaal); Debatgat ('n debat en redeneerforum); Opsitkers (Kupido/paartjiemakerstelsel) en nog baie meer. Ons vereis dat lede by ons registreer maar registrasie is absoluut gratis. Ons lede kry toegang tot 'n gratis @ougat.com e-posadres met 'n faks-tot-eposfasiliteit wat hulle vrylik kan gebruik.

Enige persoon wat deur Biltong Bulletin op **Ougat.co.za** inteken, kry lewenslange gratis lidmaatskap (wat 'n @ougat.com e-posadres en faks-tot-eposfasiliteit insluit). Die normale pryse is R30-00 per maand van 1 Mei af. Plus, as die lid voor 31 Mei registreer, word hy of sy in ag geneem vir die trekking van 'n hele rits pryse. Sien **www.Ougat.co.za** se voorblad vir besonderhede (kortpad vir jou: **http://www.ougat.co.za/winkel/index.php?option=com_content&task=view&id=89&Itemid=136**.

GOEDKOPER VLUGTE

Evert en Delia van Dijk laat weet: *Weer eens baie dankie vir die brokkie oor ons goedkoper vlugte van en na Australasië. Ons e-pos adres is nou **evertvandyk@worldonline.co.za** en ons huidige telefoonnommer is 0027-12-3445748. Ons is al besig om reëlings te tref vir Desember 2007 / Januarie 2008.*

STEEDS GESOEK: EMIGRANTE ONDERWEG NA DIE VSA

Scott Calvert van die Johannesburgse kantoor van die Baltimore Sun soek steeds desperaat na voornemende emigrante uit SA na die VSA. Hy skryf:

I am trying to find a family that has decided to emigrate BUT won't be leaving SA until maybe the end of the year and that has at least one teenage child (15- 21 years old). I'm interested in doing a story about such a family and am particularly interested in looking at the whole leaving from the perspective of a teenager. (I am doing several stories this year focusing on South African youth). Ideally, the family would be headed to the US since that's where my paper is, though I realize most go to Australia, UK, New Zealand or Canada. The closer they live to Johannesburg or Pretoria, the better for me just in terms of convenience. Do you know of a family that fits the above description? Or if not, could you suggest someone I could ask

about it? Obviously the family and the teenager would have to agree to be interviewed for a newspaper story. Thanks for any assistance you can provide!

Scott kan direk gekontak word by **scottmcalvert@gmail.com**, tel 0027-72-1375735 of 0027-11-8806529.

PROFESSIONELE HULP MET AANPASSING NA EMIGRASIE

In April het ons die wonderlike aanbod van dr. Adriaan du Plessis uit Australië ontvang dat ons sy gids oor migrasie en aanpassing gratis mag versprei. Almal wat die gids elektronies wil ontvang, kan 'n e-pos aan ons stuur by **alana@solidariteit.co.za** met die onderwerp BOEKIE. Ons beklemtoon graag weer dat dit gratis is. Adriaan sê hy is te besig om self met mense te skakel, maar die boekie behoort hulle ten volle te kan help. Nogmaals baie dankie Adriaan!

VERHUISINGSHULP – VSA EN ELDERS

For free quotes, contact Doug Wiviott, Director, International Business Development at Rainier Overseas Movers, Inc., e-mail – **doug@rainieros.com** or toll free in the USA at 800-426-9928 extension 220.

VERHUISINGSHULP - VK

Paul McAvoy skryf: *We are the UK Agents for South African Removals, please see the link which will give you more information about our company and its services - **www.southafricanremovals.com**. Many thanks in advance - Paul McAvoy, George Baker (Shipping) Ltd, UK Agents for South African Removals, No 1 Building , Parker Avenue, Felixstowe, Suffolk IP11 4BD, telephone +44(0)1394-608043, fax +44(0)1394-608079, **paul.mcavoy@georgebakershipping.com** or **paul@southafricanremovals.com**. The company trades in accordance with the standard trading conditions of the British International Freight Association 2005 and the National Guild of Removers and Storers*.

SPESIALE VERSOEK VAN DIE AFRIKANSE KLUB VAN NIEU-SEELAND

Die Bestuurskomitee van Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland wil met hierdie Spesiale Brokkies 'n belangrike, dringende saak onder Brokkies-lesers se aandag bring. Die oproep hier onder word versterk deur die feit dat daar hierdie week ook 'n Wêrelddag vir Gebed plaasvind. Bid VOOR en OP Donderdag asseblief vir Anita Lategan. Die Afrikaanse Klub van NS het gedurende Julie verlede jaar deur middel van Brokkies die hartseer verhaal vertel van Anita Lategan van Auckland, wat toe pas verneem het dat sy "terminale kanker" het en weens tegniese redes net-net nie vir mediese behandeling op staatskoste kwalifiseer nie. Sy moes privaat behandeling kry, wat vir haar onbekostigbaar was. Chemoterapie wat so gou moontlik kon begin, kon haar lewe aansienlik verleng het. Die Afrikaanse Klub het dadelik met 'n spesiale fondsinsameling onder Brokkies-lesers begin en 'n dringende beroep is gedoen om die saak mildelik te ondersteun. En die reaksie was oorweldigend … meer as $15,000 is net onder ons eie gemeenskap ingesamel! Die ander immigrantesteungroep in Auckland, SANZ, het aanvanklik hulle eie insamelingsprojek vir Anita geloods. Hulle teikengroep was die breër Nieu-Seelandse gemeenskap en SANZ het onder andere op nasionale radio die publiek se aandag op Anita se dilemma gevestig. Hulle het die baie mooi bedrag van sowat $24,700 ingesamel. Saam is dus bykans $40,000 ingesamel. Die Afrikaanse Klub en SANZ het ooreengekom om mekaar se pogings aan te vul en om die beurt die fondse vir Anita se mediese kostes aan te wend. Al die fondse is die afgelope 11 maande so aan Anita se chemoterapie en ander noodsaaklike mediese behandeling gespandeer, waarvan die jongste rekening die afgelope week met die laaste geld vereffen is.

Anita het die volgende vir ons oor haar huidige situasie geskryf: *"Soos meeste van Brokkies se lesers al weet, is ek in April 2006 gediagnoseer met terminale kanker en volgens dokters was my lewensverwagting baie beperk. Ek is nou verby die 1 jaar merk en is nog steeds baie dankbaar teenoor my Skepper vir al my seëninge! Ek het baie goed gereageer op die chemo – wat danksy al julle fantastiese mense se bydraes moontlik was - maar het onlangs die*

slegte nuus gekry dat my telling besig is om vinnig te styg. Ek het baie hieroor gebid en ook vir die Here gevra om 'n wonderwork, om ons geloof nog sterker te maak. Ek het toe die gevoel in my hart gekry en gehoop dat soveel moontlik mense vir my sal bid voor en op Donderdag 24 Mei 2007, om 9vm, wanneer my volgende "CT-scan" gedoen sal word. Ek sal dit baie waardeer, aangesien ek glo dat daar baie krag in gebed lê. As dit binne die Here se wil lê, sal Hy 'n wonderwerk laat gebeur."

Die Klub versoek vriendelik dat ons lesers as individue of in Bybelstudie- of omgeegroepe vir Anita sal bid, voor en op Donderdag 24 Mei 2007 om 9vm, maar ook deurlopend daarna. Baie dankie vir al die gebede en bydraes oor die afgelope maande.

Persone wat met die oog op moontlike verdere behandeling dalk ook nou reeds 'n bydrae wil maak, kan dit gerus doen. Die Afrikaanse Klub se bankbesonderhede is soos volg:

Banknaam: Bank of New Zealand
Rekeningnaam: The Afrikaans Club
Rekeningnommer: 02 0271 0285220 01
Elektroniese bydraes kan ook tot bostaande rekening gemaak word.
Tjeks moet asseblief uitgemaak word aan "The Afrikaans Club" en gepos word na: The Afrikaans Club, P O Box 300 674, Albany, New Zealand (Skryf agterop tjeks: "Anita Lategan Fund").

OORDENKING

Die laaste tyd het ons nie oordenkings ontvang nie, maar onlangs het een van die Suid-Afrikaners in Nieu-Seeland en ons 'n bietjie oor die feit gepraat dat mense wat hulleself Christene noem, dikwels ander Christene uitbuit in die naam van vriendskap. Ons hoop sy gedagtes is ook pitkos vir julle wat julle vriendskappe betref! Hy skryf:

Hier in Nieu-Seeland het ons heelwat potjies geloop met gewese Suid-Afrikaners oor allerlei sake wat insluit wat aangaan in SA, die werklike redes waarom dinge gebeur soos dit gebeur het in SA, Afrikanerskap en waar dit vandag in die prentjie pas, Christenskap en die rol van die Gereformeerde geloof ook in die buiteland en velerlei ander. Het eerstehands geleer oor die vereistes van vriendskap. Genoeg om te sê dat Korinthiërs 13 ook die vereistes van vriendskap beskryf. Kom ek stel dit in perspektief. Om Christen te wees en te glo in die enigste waaragtige God en die verlossing deur Jesus Christus maak van ons nie sissies nie. Dit vereis moedigheid en kragtige uitlewing van geloof. Die Skrif is ook gegee vir onder meer weerlegging en teregwysing (dink aan Timotheus). Dit beteken die volgende:

- *Daar is nie 'n carte blanche vir manipulering bloot omdat ons Christene is nie;*
- *Reg is steeds reg en verkeerd is steeds verkeerd;*
- *As ons verkeerde optrede sien, moet ons optree en die bul by die horings pak en sake reguit stel;*
- *Selfs die Vader en Jesus vergewe geen persoon vir verkeerde dade alvorens daar nie om vergifnis gevra word nie. En selfs nadat dade vergewe is, word die sonde nie ongestraf gelaat nie. Jy wat deur 'n sogenaamde vriend ingeloop is, kan wel vergewe, maar die besluit of jy die vriendskap gaan voortsit, is baie sensitief. Juis daarom leer die Skrif ons om baie versigtig met vriendskappe om te gaan.*

Dit beteken nie dat ek persoonlik sondeloos is nie. Dit beteken dat ek baie, baie bewus is van my sondes en leemtes maar daadwerklik sal werk om niemand seer te maak nie.

GROETE

Ja, vriendskap is seker een van die Vader se grootste gawes. Mag julle hierdie maand wat voorlê, altyd die vreugde daarvan ervaar!

Mooi bly!

Alana & kollegas
AfriForum
[www.komhuistoe.co.za / alana@solidariteit.co.za]